

KOSHUISREËLS

Die volgende reëls is onvermydelik ten einde ordelike en gelukkige koshuis inwoning te verseker en moet dus stiptelik nagekom word.

ALLE OUERS OF VOOGDE SOWEL AS INWONERS IS ONDERWORPE AAN DIE REËLS EN TUG VAN DIE KOSHUIS

Kosgangers is onderworpe aan die reëls en tug van die koshuis en moet die koshuisouers, beheer- en huishoudelike personeel en die leerder gehoorsaam. Die kosgangers sal hul geensins bemoei met die take van die assistente nie en sal, waar hul wel in kontak met hulle kom, hulself waardig gedra sodat wedersydse respek en agting gekweek kan word.

1. ALGEMEEN

- 1.1 Kosgangers se gedrag en persoonlike voorkoms moet te alle tye die koshuis en skool tot eer strek.
- 1.2 Die dra van die regte skooldrag en kerkdrag is verpligtend. Leerders moet te alle tye fatsoenlik en behoorlik geklee wees.
- 1.3 Kosgangers sal sorg vir die sindelikheid van hul kamers, meubels, beddens ens. In besonder word dit van kosgangers verwag om hul slaapkamers te alle tye aan die kant en netjies te hou.
Uitvee van kamers soggens moet geskied onmiddellik nadat die opstaanklok gelui het. Gange moet ook skoon gehou word en vullis moet opgetel word.
- 1.4 Elke kosganger moet 'n eie kasslot en sleutel hê, daarvoor verantwoordelik wees en sorg dra dat die kas gesluit is indien hy/sy die kamer verlaat. Een paar spaarsleutels moet aan die hoofdogter/seun oorhandig word. Dit moet aan 'n gemerkte sleutelhouer wees.
- 1.5 Gedurende rus- en stiltetye moet algehele stilte in die koshuis gehandhaaf word. Geen lawaai, rondlopery, ens. word dan toegelaat nie.
- 1.6 Geen spelery of hardlopery sal in die koshuis geduld word nie.
- 1.7 Die seunskoshuis is vir die meisies verbode terrein en anders om.
- 1.8 Klokke sal die aanvang van etes, studie en ander kulturele byeenkomste aankondig, asook 'n klok vir verdaging van studie en voorbereiding vir slaaptye.
- 1.9 Die vullisblikke in die kamers moet elke oggend buite die deur gesit word sodat dit leeg gemaak kan word.
- 1.10 Alle leerders moet hulle onderwerp aan interne reëlins om die organisasie glad te laat verloop bv. tafeldekkings dienste.
- 1.11 Kosgangers mag elke naweek net na skool deur hulle ouers of voogde vir die naweek huis toe geneem word.
- 1.12 Rook en die gebruik van alkoholiese drank of enige bedwelmende middel op die skoolgrond en buite skoolure, is ten strengste verbode. (Uitgesonder voorgeskrewe medisyne)
- 1.13 Die besit en verspreiding van aanstootlike materiaal of leesstof op die skoolterrein is verbode.
- 1.14 Geen selfone mag beantwoord word tydens studie, stilte of ete nie.

2. BADKAMERS

- 2.1 Baddens moet slegs in uitsonderlike omstandighede gebruik word. Genoeg storte is beskikbaar en is meer waterbesparend.
- 2.2 Baddens en ander geriewe moet altyd skoon en netjies gelaat word.

- 2.3 Krane moet na gebruik sorgvuldig toegedraai word.
- 2.4 Water moet konserwatief gebruik word.
- 2.5 Toilette moet gespoel word na gebruik.

3. ELEKTRIESE APPARATE

Geen elektriese aparate, behalwe die volgende, word toegelaat nie ;

- 3.1 Elektriese waaiers
- 3.2 Haardroërs vir meisies
- 3.3 Radio's
- 3.4 Soos deur superintendent gereël.

4. MAALTYE

- 4.1 Kosgangers mag nie sonder verlof vir 'n maaltyd afwesig wees nie.
- 4.2 Kosgangers moet betyds vir etes opdaag en die eetsaal ordelik en stil binne gaan en verlaat. Tydens ete moet 'n rustige atmosfeer in die eetsaal heers.
- 4.3 Goeie tafelmaniere moet streng gehandhaaf word. Onnodige gesels en lawaai moet uitgeskakel word.
- 4.4 Kosgangers moet netjies geklee wees tydens etes.
- 4.5 Gr.8 - 11 kosgangers moet die tafels help afdek en agter die kombuisdeur uitgaan in die geval van die seunskoshuis.
- 4.6 Leerders moet voor Woensdag-aande op die uittekenlys aandui of hulle die naweek uitgaan.
- 4.7 Tafelhoofde moet agterbly en sorg vir netheid van tafel na ete.

5. GODSDIENS

- 5.1 Kosgangers moet godsdiensoefeninge, kerkdienste en kerkdienste gereeld bywoon.
- 5.2 Verlof moet van die Superintendent verkry word om van hierdie aktiwiteite afwesig te wees en dit sal slegs vir uitsonderlike gevalle toegestaan word.
- 5.3 Gedurende die week sal daar saans by eettafel aandgodsdienste vir die kosgangers gehou word. Prefekte bygestaan deur diensdoenende personeel sal dit waarneem.

6. STUDIE

- 6.1 Geen boeke mag tydens studietye oorgetrek word nie, behalwe aan die begin van die jaar.
- 6.2 As die studie begin, moet algehele stilte gehandhaaf word en elkeen bly besig met eie studie of tuiswerk.
- 6.3 Geen rondlopery of geselsery van leerders wat in hulle kamers studeer sal tydens studie geduld word nie.
- 6.4 Besoeke van ouers en familie tydens studie word nie toegelaat nie en sal slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan word.
- 6.5 Geen selfone tydens studie toegelaat in kosluisleerder se besit nie. ingehandig word.

7. SIEKTES

- 7.1 Alle siek leerders moet by die huismoeder rapporteer of gerapporteer word deur die diensdoenende onderwyser of prefek. (Dringende gevalle kry onmiddellike aandag.)
- 7.2 Tuisverpleging word gratis verskaf, maar in gevalle van ernstige ongevallen sal 'n dokter ingeroep word op koste van die ouer of voog.
- 7.3 Afsprake by 'n dokter of tandarts moet deur die matrone of superintendente vir leerders gemaak word.
- 7.4 'n Leerder wat siek voel, moet eers by die diensdoenende onderwyser toestemming kry voordat hy/sy gaan lê. As hy/sy die oggend bly lê, moet hy/sy die HELE dag in die bed bly.
- 7.5 Geen medisyne word deur koshuis uitgegee nie.

8. WASGOED

Die volgende fasiliteite is beskikbaar.

- 8.1 Wassery by Dogterskoshuis.
- 8.2 Wasmasjien en tuimeldroër beskikbaar.

9. BESOEKTYE AAN KOSHUIS

- 9.1 Kosgangers mag besoek ontvang gedurende die volgende tye:
Weeksdae : na aandete tot voor aandstudie
Saterdag : bepaal deur diensdoenende personeel
Sondag : na kerk tot voor middagete en weer na 15:00 tot voor aandete.
- 9.2 Besoekers sal nie gedurende studie of saans na studie toegelaat word nie.
- 9.3 Besoekers moet by die voordeur van die koshuis aanmeld en in die voorportaal wag op die kosganger.
- 9.4 Geen besoeker word in die slaaplokale toegelaat nie, behalwe ouers op die eerste en laaste dag van die kwartaal.
- 9.5 Ouers en besoekers se motors moet voor die koshuis geparkeer word. Niemand word toegelaat om leerders aan die agterkant van die koshuis af of op te laai nie.
- 9.6 Buite die vasgestelde besoekure sal ouers slegs toegelaat word om boodskappe of pakkies by die verantwoordelike personeel te laat.
- 9.7 Kosgangers sal toegelaat word om op Sondag vanaf 15:30 tot 17:30 familie of vriende in Upington te besoek onderhewig aan die volgende voorwaardes en met toestemming van die dienspersoneel: Die koshuismoeder sal onder alle omstandighede die mag hê om na haar goedgesindte enige besoek te kanselleer of te verbied.
- 9.8 Leerders mag Sondag-middae met netjiese, gemaklike kleredrag kom eet.
- 9.9 Leerders moet by etes reeds aangetrek wees vir oggendkerk sowel as aandkerk.

10. VERLOF

- 10.1 Kosgangers mag nie die koshuisterrein sonder verlof verlaat nie.
- 10.2 Kosgangers het verlof om Saterdag oggend dorp toe te gaan vir inkopies en Vrydag vanaf 15:00 tot 17:15. Op Woensdag kan leerders dorp toe gaan, en wel met skooldrag.
- 10.3 Andersins moet 'n verlofboek geteken word as verlof toegestaan is en by die terugkeer moet die kosganger weer inteken. Verlof word by die diensdoenende personeel verkry.
- 10.4 Met uitnaweke en die dag voor die begin van die kwartaal sal koshuise saans, soos gereël, gesluit word.
- 10.5 Die volgende moet in ag geneem word :
 - 10.5.1 Ouers mag hulle kinders op die laaste skooldag voor elke naweek na skool huis toe neem en leerders moet terug wees die oggend van die eerste skooldag ná die naweek.
 - 10.5.2 Indien ouers die kosgangers nie persoonlik kom haal nie, moet hulle skriftelike toestemming aan die koshuisouers gee :
 - wie of vir watter geleentheid die leerder uitgeneem word
 - wanneer die koshuisganger vir die naweek mag gaan / terug
 - 10.5.3 Indien die kosganger vir die naweek saam met 'n maat gaan, moet skriftelike toestemming van die ouers van albei verkry word en aan die Superintendent oorhandig word. Faks voor 18:00 die Donderdag wat die naweek voorafgaan.
 - 10.5.4 Kosgangers wat per bus reis, moet vroegetydig die superintendent in kennis stel sodat die nodige vervoerreëlings getref kan word.
 - 10.5.5 Nadat 'n kosganger by die koshuis aangekom het, is die koshuisreëls van toepassing en mag hy nie die koshuis verlaat sonder verlof nie.

11. LOSIES- EN SKOOLGELDE

Hierdie gelde word slegs inbetaal by die skoolkantoor. Indien die kantoor reeds gesluit is wanneer u u kinders bring, sal gelde deur die superintendent ontvang word. Dit moet per tjek inbetaal word en uitgemaak word aan Duineveld Koshuise (losies) en/of Hoërskool Duineveld (onderriggelde) en onderteken word. Die kwitansie moet weer afgehaal word by die superintendent. Geen gr.8-leerder mag 'n gr.12-leerder se kamer binnegaan sonder verlof nie.

Betalings kan elektronies gedoen word. Kontak die skool vir verdere inligting

12. STILTETYE

GEEN LEERDER MAG NA STILTETYD BY 'N ANDER KAMER BESOEK AFLÊ NIE.

12.1 Leerders moet in hul kamers wees en stil wees gedurende stiltetye.

12.2 Sondag is 'n gewyde dag en stilte moet deurgaans gehandhaaf word.